

Leesspoedteks vir leerder

Graad 8

Die saguaro-kaktus

Die saguaro- (uitspraak: suh-WAR-oh) kaktus kan tot 12 meter hoog groei, wat dit die grootste kaktus in Noord-Amerika maak. Dit word soms die brandwag van die suidweste genoem, omrede dit soos 'n reuse- staande persoon lyk. Die kaktus het 'n dik, reguit stam met takke of arms wat daaruit groei en opwaarts buig, asof dit elmboë het. Die enigste plek waar die saguaro groei, is die Sonoran-woestyn wat oor die grootste gedeelte van Arizona en Meksiko, plus die suidelikste punt van Kalifornië, strek.

Die rede waarom dit in so 'n warm, droë klimaat kan floreer, is omdat dit hoofsaaklik 'n plant is wat water stoor. 'n Volgroeide, deurweekte saguaro kan amper 2000 kilogram weeg! As die temperatuur te laag is, of die hoogte bo seespieël te hoog, kan saguaros nie groei nie.

Saguaros het ondergrondse wortels wat uitwaarts eerder as afwaarts groei. 'n Kaktus wat byvoorbeeld ses meter hoog is, kan wortels hê wat slegs 'n paar sentimeter diep is, maar hulle spreid hulleself ses meter in alle rigtings vanaf die plant uit.

Die swaar kaktus kan jaar na jaar regop en hoog staan omdat die "ribbes" wat binne-in die plant voorkom uit 'n houtagtige stof gemaak is en soos 'n geraamte funksioneer. Amerikaanse inboorlinge het hierdie ribbes vir bouwerk gebruik omdat dit so sterk soos hout was. Die ribbes het ook goeie spalke gemaak om gebreke bene te ondersteun.

Soos die meeste kaktusse, het die saguaro skerp dorings wat tot amper agt sentimeter lank kan word. Inboorlingstamme het hierdie dorings as naalde vir tatoeëring en naaldwerk gebruik. Die oudste dorings word onderaan die kaktus se stam aangetref.

Twee maande van die jaar, in Mei en Junie, raak die saguaro eers met wit bloeisels oortrek, waarna helderrooi vrugte vol klein swart sade volg.

Die kaktusse kan tot tweehonderd jaar oud word terwyl dit teen 'n stadige tempo van nie meer as twee tot vyf sentimeter per jaar groei nie. Regdeur daardie tyd, dien hulle as lewensbron vir diere uit die streek. Vlermuise, ander soogdiere, en voëls eet die vrugte of nektar, en klein voëltjies soos die wiewaal en klein soorte vinkies, hol dikwels gate in die hoofstam of takke van die kaktus uit waarin hulle hulle neste wat uit stokkies gemaak is, bou. Wanneer die kaktus doodgaan, raak hulle droog en houtiger. Die hol gedeeltes waarin die neste gebou is, vorm bakkies, wat eens deur Amerikaanse inboorlinge gebruik is om water in te dra.

Die saguaro het vroeër kos aan inboorlingstamme in Arizona verskaf. Hulle het die vars vrugte in seisoen geëet en dit vir gebruik in die wintermaande gedroog. Dit was veral belangrik vir 'n groep mense bekend as die Tohono O'odlam, wat so afhanklik van die saguaro was dat hulle hul kalender volgens die oestyd van die vrugte aangepas het. Hulle het konfynt gemaak deur die vrugte fyn te druk en het 'n alkoholiese drankie van die gegiste sap gemaak. Hulle het die sade in die son gedroog en dit dan gestoor om in die winter as meel vir koeke en brode te gebruik. Die Pima-mense het ook saguaros op soortgelyke wyse gebruik.

Alhoewel saguaros oor 'n wye streek voorkom, is die beste plek om hulle te sien in die Saguaro Nasionale Park, net buite die stad Tucson, Arizona, in die Rincon-berge. Besoekers kan tussen die saguaro-plant wat bo hulle uittoring, rondloop. Die plante word omring deur ander flora van die streek, soos onder andere 'n stekelrige ronde kaktus (wat in die Suid-Afrikaanse volksmond as skoonma se kussing bekend staan), rosella-kaktusse en turksvye.

Kontroleteks

Graad 8

Die saguaro-kaktus

Die saguaro- (uitspraak: suh-WAR-oh) kaktus kan tot 12 meter hoog groei, wat dit die grootste kaktus in Noord-Amerika maak. Dit word soms die brandwag van die suidweste genoem, omrede dit soos 'n reuse- staande persoon lyk. Die kaktus het 'n dik, reguit stam met takke of arms wat daaruit groei en opwaarts buig, asof dit elmboë het. Die enigste plek waar die saguaro groei, is die Sonoran-woestyn wat oor die grootste gedeelte van Arizona en Meksiko, plus die suidelikste punt van Kalifornië, strek. - **83**

Die rede waarom dit in so 'n warm, droë klimaat kan floreer, is omdat dit hoofsaaklik 'n plant is wat water stoor. 'n Volgroeide, deurweekte saguaro kan amper 2000 kilogram weeg! As die temperatuur te laag is, of die hoogte bo seespieël te hoog, kan saguaros nie groei nie. - **134**

Saguaros het ondergrondse wortels wat uitwaarts eerder as afwaarts groei. 'n Kaktus wat byvoorbeeld ses meter hoog is, kan wortels hê wat slegs 'n paar sentimeter diep is, maar hulle sprei hulleself ses meter in alle rigtings vanaf die plant uit. - **177**

Die swaar kaktus kan jaar na jaar regop en hoog staan omdat die "ribbes" wat binne-in die plant voorkom uit 'n houtagtige stof gemaak is en soos 'n geraamte funksioneer. Amerikaanse inboorlinge het hierdie ribbes vir bouwerk gebruik omdat dit so sterk soos hout was. Die ribbes het ook goeie spalke gemaak om gebreekte bene te ondersteun. - **236**

Soos die meeste kaktusse, het die saguaro skerp dorings wat tot amper agt sentimeter lank kan word. Inboorlingstamme het hierdie dorings as naalde vir tatoeëring en naaldwerk gebruik. Die oudste dorings word onderaan die kaktus se stam aangetref. - **276**

Twee maande van die jaar, in Mei en Junie, raak die saguaro eers met wit bloeisels oortrek, waarna helderrooi vrugte vol klein swart sade volg. - **303**

Die kaktusse kan tot tweehonderd jaar oud word terwyl dit teen 'n stadige tempo van nie meer as twee tot vyf sentimeter per jaar groei nie. Regdeur daardie tyd, dien hulle as lewensbron vir diere uit die streek. Vlermuise, ander soogdiere, en voëls eet die vrugte of nektar, en klein voëltjies soos die wiewelaar en klein soorte vinkies, hol dikwels gate in die hoofstam of takke van die kaktus uit waarin hulle hulle neste wat uit stokkies gemaak is, bou. Wanneer die kaktus doodgaan, raak hulle droog en houterig. Die hol gedeeltes waarin die neste gebou is, vorm bakkies, wat eens deur Amerikaanse inboorlinge gebruik is om water in te dra. - **416**

Die saguaro het vroeër kos aan inboorlingstamme in Arizona verskaf. Hulle het die vars vrugte in seisoen geëet en dit vir gebruik in die wintermaande gedroog. Dit was veral belangrik vir 'n groep mense bekend as die Tohono O'odlam, wat so afhanklik van die saguaro was dat hulle hul kalender volgens die oestyd van die vrugte aangepas het. Hulle het konfyt gemaak deur die vrugte fyn te druk en het 'n alkoholiese drankie van die gegiste sap gemaak. Hulle het die sade in die son gedroog en dit dan gestoor om in die winter as meel vir koeke en brode te gebruik. Die Pima-mense het ook saguaros op soortgelyke wyse gebruik. - **529**

Alhoewel saguaros oor 'n wye streek voorkom, is die beste plek om hulle te sien in die Saguaro Nasionale Park, net buite die stad Tucson, Arizona, in die Rincon-berge. Besoekers kan tussen die saguaro-plant wat bo hulle uittoring, rondloop. Die plante word omring deur ander flora van die streek, soos onder andere 'n stekelrige ronde kaktus (wat in die Suid-Afrikaanse volksmond as skoonma se kussing bekend staan), rosella-kaktusse en turksvye. - **601**

(Aangepas/vertaal van: © 2021 Scholar Within, Inc. ScholarWithin.com)

Vrywaring: Let asb daarop dat hierdie teks direk uit Engels vertaal is, en dus woordeskat kan bevat wat in Afrikaans as makliker of moeiliker beskou word vir die aangeduide ouderdomsgroep. Pas asb die berekening van die WPM dienooreenkomstig aan, deur byvoorbeeld woorde wat te moeilik is, a.g.v. die vertaling, nie as deurslaggewend te gebruik vir die WPM nie.